# MEISIE TOT MENS 3

# LEGKAART TOT LEIERSKAP




GESKRYF DEUR BERNICE SCHUTTE

AfriForum

# LIEWE MEISIE-MENS

Leierskapsverkiesing kan 'n nagmerrie wees as jy jouself nie mooi voorberei vir wat op jou wag nie.

Hierdie boek is vir jou Meisie-Mens, 'n Gr 6 dogter wat droom van leier wees by jou skool! Gebruik hierdie 7 goue legkaartstukkies om jouself te bemagtig met die belangrikste punte van leier-wees en om steeds eg te bly aan wie en wat jy is.

Onthou Meisie-Mens, jy moet nie toelaat dat hierdie proses jou verander na iets en iemand wie jy nie is nie want dan mis jy heeltemal die punt!

Vandag wil ek vir jou herhinner-
Jy Meisie-Mens is beslis nie alleen in hierdie proses van leier verkiesing nie. Daar is tonne dogters voor jou ook al hierdeur. Sommiges van hulle het met bree glimlagte weggestap en ander se harte was stukkend maar
bly eg aan jouself en geniet hierdie proses

You've got this!

Liefde
Bernice
aka jou gunstelling "Tannie"

# INHOUDSOPGAWE


WAT IS 'N LEIER? 1

HOEKOM WIL JY 'N LEIER WEES? 2

VERANTWOORDELIKHEDE 3

POPULÊR WEES IS NIE ALTYD DIE ANTWOORD NIE 4

DRUK VAN JOU OUERS AF 5

WAT GEBEUR AS EK NIE 'N LEIER WORD NIE? 6

GELUK JY IS 'N LEIER!!! WAT NOU? 7



# 1

# WAT IS ‘N LEIER?

Meisie-Mens, die 1ste stukkie van jou leierskaps legkaart is om te verstaan presies wat 'n leier is.

Vir baie mense gaan dit net oor die titel van leier wees en daarom is dit so belangrik om te verstaan wat presies 'n leier is en wat dit van jou gaan vereis.

Ons is omring deur leiers in ons samelewing. Elke dag is daar soveel belangrike besluite wat gemaak moet word, eerste stappe wat gevat moet word en voorbeelde wat gestel moet word deur dapper leiers om ons.

Om egter 'n goeie leier te wees, is 'n keuse wat die regte vaardighede en karaktereienskappe vereis.

Dit is vir AfriForum belangrik om saam met leerders, onderwysers en ouers te werk om 'n verskil te maak en hoop in skole te skep. Elke kind in ons land verdien die nodige leiding om hul leierseienskappe te ontwikkel. Ons kinders is immers die leiers van môre.

**Ja Meisie-Mens, jy het reg gelees…jy besit die talent en vermoë om 'n leier van môre te wees MAAR dit is ook nie die einde van die wêreld as jy nie nou al in laerskool reg is om 'n leier te wees nie want goeie leiervaardighede word nie oornag ontwikkel nie.**

**'n Goeie leier beskik onder meer oor die volgende vaardighede:**

- **Goeie kommunikasievermoë**
- **Die vermoë om doelwitte vas te stel**
- **Die vermoë om logies te kan dink**
- **Om mense of 'n span te kan bestuur**
- **Die vermoë om verandering goed te kan hanteer**
- **Om konflik goed te kan hanteer**





# HOEKOM WIL JY 'N LEIER WEES?

# 2



Meisie-Mens, het jy dalk al 'n oomblik stilgesit en gewonder...hoekom presies wil jy 'n leier wees? Is dit omdat al jou maats 'n goeie kans staan en jy dalk bang is dat jy agtergelaat voel as hulle leiers word en jy nie? Is dit omdat jy daadwerklik 'n verskil in jou skool wil maak? Is dit omdat jy daai titel najaag? Of... is dit dalk net omdat jy daarvan hou om "in beheer" te wees?

Ek dink dat die 2de stukkie van hierdie legkaart in jou leierskapsverkiesings proses is om uit te vind wat dit presies is wat jou dryf om 'n leier te wil word.

Dit is altyd belangrik vir ons om te verstaan HOEKOM ons sekere dinge wil hê of sekere dinge te wil doen want ek kan jou een ding belowe, as daai redes die verkeerde redes is, dan Meisie-Mens, mag dinge dalk net misluk.

As jou redes en motivering eg en opreg is, dan is dit heelwaarskynlik dat hierdie legkaart nie vir jou so moeilik gaan wees om te bou nie.

Vra jouself af hoekom jy 'n leier wil wees.

Jy hoef nie daai antwoord met enigiemand te deel nie maar maak seker dat jy trots is op daai rede.

Jy wonder seker wat ek hiermee bedoel?Wel, as jy dalk jou rede hardop vir iemand moet se hoekom jy hoofmeisie wil wees, en daai rede is byvoorbeeld- want jy wil tog net vir "Sannie" wen vir die titel, gaan dit jou heelwaarskynlik nie trots laat voel om dit te sê nie MAAR as jy met trots hardop kan sê want jy dink dat jy daadwerklik 'n verskil kan maak in jou skool WEL dan is jou redes mos opreg.



Vandag wil ek jou aanmoedig om regdeur hierdie proses so eg as moontlik aan jouself en teenoor ander te bly. Moet nie jou persoonlikheid verander omdat jy dink dit sal jou kanse verbeter nie.

Doen dit vir die regte redes!



# 3 VERANTWOORDELIKHEDE

**As ons gaan eerlik wees met mekaar, verantwoordelikhede is nie altyd lekker nie! Hierdie 3de stukkie van die legkaart is daai tipiese stukkie wat jy gewoonlik mee sukkel sodat hy moet pas.**

**Ek weet nie van jou nie maar ek sal veel eerder op my bed wil lê en TikTok as wat ek huiswerk sal wil doen of my kamer skoon moet maak. Ek sal veels eerder by die skool se huissport saam my vriende wil kuier en op die pawiljoen sit as wat ek sal wil werk by die snoepie of by een van die velditems.**

**MAAR ongelukkig kom leierskap met nog ‘n moeilike legkaart stuk genoem- VERANTWOORDELIKHEDE!**

**Okei okei, al klink hierdie legkaart stukkie na ‘n moeilike een, is dit nie noodwendig ‘n slegte ding nie. Binnekort gaan jy Graad 7 wees- die laaste jaar van jou laerskool loopbaan- en as deel van jou voorbereiding vir hoërskool, is dit nie noodwendig sleg om so bietjie meer verantwoordelikheid te leer nie!**

Verantwoordelikhede is nie altyd lekker nie maar dit leer ons van self-disipline, voorbeeldigheid asook regverdigheid.

Ons het verantwoordelikhede nodig om ons te leer om 'n gegewe taak wat aan ons gegee is na die beste van ons vermoë uit te voer of te verseker dat die taak voltooi word.

Maak jou gereed vir ekstra verantwoordelikheid as jy 'n leier word soos terrein diens, dienspunte en ekstra werk by skool funksies, maar sien dit ook as geleentheid om 'n voorbeeld en rolmodel te wees vir die ander maats in jou skool.



# POPULÊR WEES

# 4

Meisie-Mens, die verkiesings proses tot 'n leier verskil van skool tot skool. By sommige skole laat hulle die kinders stem, of selfs net jou mede Graad 6 leerders, ander skole stem slegs die onderwysers.

Ongelukkig, is baie meisies onder die indruk dat jy nodig het om die populêrste Meisie-Mens te wees om 'n titel van leier of selfs hoofmeisie te kry. Dit bring ons tot die 4de stukkie van die legkaart....
Populariteit.

By Laerskool Stephanus Roos word daar gekyk na jou deurlopende prestasies in sport, akademie asook kultuur van graad 1 tot graad 6 en dan ook na jou gedrag inskrywings van die laaste paar jaar.
Daar word gekyk na hoe jy met jou maats (en die kinders wat nie jou maats is nie) oor die weg kom. Dit is 'n BAIE dieper proses as net hoe populêr jy is Meisie-Mens.

Ongeag wat jy al gehoor het of selfs gesien het in 'n fliek, is dit iets wat jou skool so regverdig as moontlik probeer hanteer.

**Ongeag wat jou skool se spesifike proses behels, is daar 'n paar "fondamente" wat maar oral dieselfde bly-**

- **Bly eg aan wie jy is. Glo my al steek jy dit hoe goed weg, mense en maats kan sien as jy "fake" is!!!!**
- **Dis lekker om 'n uitblink talent soos netbal of hokkie te hê maar meeste van die tyd is dit van meer waarde om net 'n goed-gebalanseerde leerder te wees wat in alles deelneem.**
- **Om drastiese stappe nou in Graad 6 te vat om aandag tot jouself te probeer lok of jouself skielik populêr te probeer maak is sinneloos en tydmors want dis nie hoe goeie leierskap eienskappe werk nie. Ek is jammer om dit nou so reguit te moet sê maar hierdie drastiese stappe laat jou net desperaat lyk.**
- **Of jou maats of onderwysers nou gaan stem, onthou net- hulle ken wie jy elke dag is. Hulle ken die vriendelike, die mislukke en die alledaagse weergawe van jou so dit help nie om jouself nou te wil verander nie.**

RAAD VAN JOU GUNSTELLING "TANNIE"
Meisie tot Mens
BERNICE SCHUTTE

# 5

# DRUK VAN JOU OUERS AF



**Meisie-mens, kom ek vertel vir jou 'n geheim.... soms wil jou ouers hê dat jy 'n leier moet wees...MEER AS WAT JY SELF EINTLIK 'N LEIER WIL WEES!!!**

**Hierdie behoefte tot leier-wees van jou ouers kan soms voel asof hulle so baie druk op jou sit. Hierdie 5de stukkie van die legkaart mag my dalk so bietjie in die moeilikheid bring by jou ma en pa, maar ek sal my kanse waag en eerlik met jou wees...**

**Ons as ouers wil net altyd die beste vir ons kinders hê. Soms mag dit dalk vir jou voel of ons die vyand is as gevolg daarvan maar ek belowe jou dat ouers regtig maar net wil sien hoe hulle kinders uitblink en suksesvol is. Daar is egter soms oomblikke waar sekere ouers wel hand uitruk met die "kompetisie" wat met leierskap gepaard gaan en dan veels te veel druk op hulle kinders plaas. Hierdie is nie lekker nie en ek sal aanraai dat wanneer jy voel dat jou ma en pa so met jou maak, dat jy gaan sit en met hulle gesels en vertel dat dit is hoe jy voel.**

**Die druk wat hulle op jou plaas kom regtig net van 'n goeie plek af maar ek weet dat dit soms baie oorweldigend kan wees...VERAL VIR 'N GRAAD 6 KIND!!!!**

**Meisie-mens, ek weet dat jou ouers regtig net wil sien hoe jy sukses behaal maar eerlikheid en om oop te wees teenoor jou ouers oor jou gevoelens is so belangrik. Praat met hulle, en al oor reageer hulle soms dalk bietjie in daai oomblik, gee hulle 'n dag of twee en dan probeer jy weer.**
**Onthou, jou ouers is jou ondersteuningsraamwerk en jy het hulle tog nodig, so maak hulle eerder jou vriend in hierdie seisoen van jou lewe as jou vyand.**



# 6

# WAT GEBEUR AS EK NIE ‘N LEIER WORD NIE?



Okei, kom ons wees eerlik met mekaar...dit sal “SUCK” maar dit is nie die einde van die wêreld nie.
Ek besef jy dink nou dat ek dalk laf is om te sê dit is nie die einde van die wêreld nie maar dit is regtig nie!!!
Meisie-mens, die 6de stukkie van hierdie leierskaps legkaart is om jouself voor te berei vir die moontlikheid dat jy dalk teleurgesteld met die uitkoms mag wees.

Jy wil dalk ‘n leier wees en word dan nie een nie of jy wil dalk ‘n hoofmeisie wees en dan word jy net ‘n gewone leier...

Op die ou einde van die dag is dit belangrik vir ons om te verstaan dat die wêreld en die lewe kom met teleurstellings- of ons nou dit wil hê of nie.
Ons kan doodeenvoudig nie altyd wen nie en selfs al is jy jou hele lewe lank daai een kind (of selfs grootmens is) wat ALTYD ALLES wen en die dag kom wat jy wel verloor, is dit steeds nodig om jouself altyd voor te berei vir die moontlikheid dat dinge dalk nie mag gaan soos wat jy gehoop het nie.

Kom ek vertel vir julle 'n geheim.... ek het my hele laerskool loopbaan so hard gewerk om hoofmeisie te word. Ek het ALTYD my huiswerk gedoen, was ALTYD betyds, ek het 100% skoolbesoek gehad en ek het in ALLES wat ek kon deelgeneem...toe kom daardie aand van die leier aankondiging en ek word nie hoofmeisie nie maar onderhoofmeisie. In my klein wêreld op daai stadium was my hart stukkend!

Vandag, presies 20 jaar later, het niemand (en ek bedoel NIEMAND!!!) my nog ooit gevra of ek eers 'n leier op skool was nie. My hart was letterlik stukkend einde van my graad 6 jaar en tot vandag toe het dit vir absoluut niemand saak gemaak of ek ooit eers 'n leier was nie nietemin onderhoofmeisie nie.



Meisie-mens, die kort en die lank van hierdie legkaart stukkie is soos volg:

- Gaan dit sleg voel en seermaak as jy nie 'n leier word nie? JA vir 'n oomblik gaan dit dalk voel soos die einde van die wêreld! MAAR dit gaan beter word- ek belowe!
- Gaan dit werklik die einde van die wêreld wees as hierdie droom nou nie waar word nie? GLAD NIE!!! Moet nie toelaat dat hierdie terugslag bepaal hoe jy die lewe vorentoe benader nie.



# GELUK JY IS 'N LEIER!!!

# WAT NOU?





**Meisie-mens, die laaste legkaart stukkie het aangebreek... Geluk! Jy is 'n leier!**

**Die einde van jou graad 6 jaar het aangebreek, die leiers is aangekondig en....wat nou?**

**Wel verseker sal ek sê geniet dit vir 'n oomblik. Jy het hard gewerk hiervoor en dit verdien om gevier te word.**

**Volgende kom die harde werk! Graad 7 gaan nie maklik wees nie. Jy het baie meer skoolwerk want jy moet gereed raak vir die hoeveelheid werk wat kom in die hoërskool. Jy moet 'n voorbeed wees vir die res van die skool want julle is nou die grootkinders waarna die res van die skool opkyk en laastens is jy boonop 'n leier wat betrokke moet wees en die verantwoordelikheid daarvan moet aanvaar.**

**Leier wees hou van die volgende take in wat jy jouself moet op voorberei:**

- **Vroeg by die skool wees om by jou dienspunt toesig te hou**
- **Pouses toewy aan diens staan om seker te maak die res van die skool is veilig**
- **Ten alle tye netjies te moet lyk in jou leierdrag**
- **By skool byeenkomste te werk**
- **Ten alle tye 'n goeie voorbeeld te stel vir die ander leerders**
- **Steeds deel te neem aan jou eie aktiwiteite en akademies te presteer**



**Meisie-mens, ek gaan eerlik wees met jou…leier wees is nie net "shine" vang nie, dit is bitter harde werk.**

**Byt vas en geniet elke oomblik van jou jaar van leier wees, hierdie is die eerste stap om 'n nuwe vaardigheid te ontwikkel vir jou toekoms as wie weet…dalk die eerste vroue President van Suid-Afrika!!!**



MEISIE-MENS, EK HOOP DAT HIERDIE 7 LEGKAART STUKKIES JOU SAL HELP IN HIERDIE JAAR SE LEIER VERKIESING.

ONTHOU, GOD IS LIEF VIR JOU NES JY IS EN JOU WAARDE WORD NIE GEKOPPEL AAN DIE TITEL LEIER NIE!

JY IS SPESIAAL, JY IS MOOI, JY IS TALENTVOL EN JY IS GELIEFD!

# MEER OOR DIE SKRYWER

Hello
My naam is Bernice Schutte, 'n mamma, 'n sussie, 'n dogter en belangrik...ek is self ook maar net 'n Meisie-Mens!!!
Ek glo absoluut aan women empowerment waarin ons, ons eie identiteit moet vind en sodoende vroue met 'n stem en Christelike waardes moet wees en grootmaak. Ons moet nie bang wees om die ''skaam vrae'' te vra nie, ons moet nie bang wees om ons vrou-wees te embrace nie want God het ons as Sy trots geskape.

Psalm 139:13-18 sê dit so mooi

For you created my inmost being; you knit me together in my mother's womb. I praise you because I am fearfully and wonderfully made

Hierdie boekie is vir JOU Meisie-Mens! 7 legkaart stukkies om jou ‘n beter leier te maak, of dit nou in Graad 6 is en of jy dalk dit iewers anders in hierdie reis na vrouwees gaan gebruik.

Koester elke oomblik van hierdie seisoen!

Liefde
Bernice
aka jou gunstelling ''tannie''



© BERNICE SCHUTTE 2024